

GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

*Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
- 1 Petrus 2:5*

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.

Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.



TEMA Sterwende Kerk... Lewende Here!!

SONDAG 4 Oktober 2020

OPENING

Hoor hoe dit by elkeen hierdie week gaan. In die afgelope paar weke is daar baie spanning in ons land oor plaasmoorde, korruksie en politieke uitlatings. Wat is ons as Christene se rol in sulke tye?

Bid saam vir ons land.

KOM ONS BEGIN

Wat dink julle vra dit van ons om deel van 'n kerk te wees?

Ons is tans in 'n 10de maand Dankfees by Kerk-in-Suid. Op hierdie manier dra ons by uit dankbaarheid vir dit wat die Here vir ons elkeen gedoen het.

Alles behoort aan die Here - ons tyd, ons talent, ons skatte, ons gesondheid en ons persoonlikheid.

Oswald Sanders het die volgende gesê:

*"The basic question is not how much of our money we should give to God,
but how much of God's money we should keep for ourselves"*

Hoe voel julle daaroor?

TEMA Sterwende Kerk... Lewende Here!!

SONDAG 4 Oktober 2020

KOM ONS LEES

1 Korintiërs 12:12-31

INHOUD & GESPREK

Ons lees in 1 Korintiërs 12:12-31 van Een ligmaam met baie lede. Wat staan vir jou uit?

Wat leer ons in die teks oor die kerk in die breë?

Wat leer hierdie teks ons oor omgee en versorging van mekaar?

Wat leer ons uit vers 26 oor kerk?

TEMA Sterwende Kerk... Lewende Here!!

SONDAG 4 Oktober 2020

Uit vers 28-31 word daar vertel van verskillende genadegawes. Wat dink jy is jou genadegawe, laat die die groep mekaar help om dit te ontdek. Hoe kan julle dit prakties toepas binne Kerk-in-Suid?

MAAK VAS

Wat het jy gehoor vanaand, gee elkeen 'n geleentheid

Sluit af met gebed en vra dat die Here julle sal help om as Lewende Stene jouself te verbind om jou genadegawe binne hierdie liggaam te kan ontdek en te laat groei.

TEMA Sterwende Kerk... Lewende Here!!

SONDAG 4 Oktober 2020

NOTAS

